AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

LAAT DAAR LIG WEES

A.H.M.P.
EK SIEN HAAR WEL

# Stroom-op

1e TERMYN 1979

# Die groot twis

**Die belangrikste gebeurtenis hierdie termyn, of in elke geval die uitstaande een, was die groot rusie tussen Meisieshoër, en Seunshoër.**

By 'n "sing-song" deur die seuns gereël, het Seunshoër dirigente van 'n ander skool laat dirigeer om vir die meisies en hulle dirigente te wys "wat is gees". Hiermee saam het hulle baie onsmaaklike opmerkings gemaak.

Die meisies was daarna baie vies en het volgehou dat die seuns hulle uiters ongeskik en onvergeeflik beledigend gedra het. Hulle het nie belanggestel in verdere gesamentlike "sing-songs" nie en het laat reël dat Meisieshoër nie langs Seunshoër hoef te sit by Interhoër nie.

Die seuns se reaksie was dat die meisies oorreageer en dat hulle nie kan glo dat een ander meisie soveel moeilikheid kon veroorsaak nie. Hierop het die meisies geantwoord dat hulle nie vir die meisie kwaad is nie, maar wel oor Seunshoër se gedrag.

Op Interhoër het Seunshoër kort voor lank langs die meisies ingeskuif. Die seunsdirigente het amptelik verskoning gemaak by die meisiesdirigente. Die volgende dag het die seuns blomme gestuur aan die meisies en nou is alles weer reg . . . of is dit?

"Neutrale Affie".



*Hede of verlede?*

# 'n Woordjie van ons hoofseun

**Affies, graag wil ek julle aandag vestig op iets wat ons almal eintlik baie goed ken: die kragtige leuses van ons twee skole – Laat daar lig wees. Ek sien haar wen.**

Die gevaar bestaan egter dat die ware betekenis van iets verlore raak as jy dit elke dag sien en hoor. Moenie laat dit met ons lewes gebeur nie. Dit was nog altyd so, maar veral vandag is dit nodig dat die jongmens se lewe verander moet wees, en dat sy ankers bewese en beproef moet wees. Ons vyande is baie en as ons hulle alleen wil aanpak, gaan ons sekerlik verloor, maar as ons saamstaan, is ons 'n gedugte teëstander.



*Paul*

Ons sal moet werk, hard werk om te kan bou op die trotse tradisies van ons skole. Affies is nie tevrede met 'n tweede plek nie! Maar wat het geword van ons eersteplekke met atletiek, krieket, tennis en swem? Is Affies nie besig om tevrede te raak, met 'n tweede plek nie? Laat ons bietjie hand in eie boesem steek en kyk of ek werklik my deel doen. Ry ek nie maar net saam op die rug van ons trotse tradisie nie?

Ons wil dankie sê aan Mnr. Roesch en Mej. Holtzhausen vir die groot hoogtes waartoe hulle ons reeds in 1979 gelei het. Met twee sulke hoofde kan ons nie anders as om bo uit te kom nie.

Aan die matrieks van beide skole wil ek sê: julle het reggekry wat menige al gepoog het om te doen. Julle het interskakeling tussen ons twee skole moontlik gemaak, sonder dat enige skool sy indentiteit moes prysgee. Laat die prestasies tot op hede 'n inspirasie wees vir die ander om net hul beste te gee, net jou allerbeste is goed genoeg vir jou skool.

Matrieks, onthou dis jou laaste kans om iets te doen vir Affies, en glo dit as jy wil – hierdie jaar gaan vinnig verby.

Laat ons strewe in 1979 wees: betrokkenheid. Dan sal ons leuses tot hul reg kom. Voorspoed vir die res van 1979 – ons jaar.

Paul Kruger

## LEES BINNE

p2 Redaksioneel
p3 Vir die leiers
p4 Affie Sport - Quo Vadis
p5 Debatte
p6 Affies in beeld
p8 Vermaak
p9 Groentjiekonsert 1979
p10 Sport
p11 Interhoër
p12 Sportpresteerders

GESONDHEIDSJAAR 1979 HEALTH YEAR

**Die Gesondheidsjaar is 'n landwye veldtog wat elke individu in Suid-Afrika, ook vir jóú raak, want gesondheid is in die eerste plek 'n persoonlike saak, en tweedens iets waarby die hele gemeenskap by betrokke is.**

Die doel van hierdie uitgebreide veldtog is om:
- kennis oor gesondheidsdienste te versprei
- die begrip van die gesonde lewe te versprei
- persoonlike bewustheid van goeie gesondheid te stimuleer
- die gemeenskap se aktiewe betrokkenheid by gesondheidsake aan te wakker.

Die leiding met die Gesondheidsjaar word geneem deur 'n Nasionale Loodskomitee, waarvoor 'n Gesondheidsjaar-sekretariaat by die hoofkantoor van die Departement van Gesondheid in Pretoria ingerig is. 'n Groot verskeidenheid van uiteenlopende projekte word beplan vir hierdie jaar, onder andere

1) Die algemene bekendmaking van goeie gesondheid en hoe om gesond te lewe.
2) Die opening van nuwe hospitale en gespesialiseerde nuwe mediese geriewe.
3) Gereelde artikels en berigte in koerante en tydskrifte.
4) Skoue en uitstallings.
5) Die grootskeepse verspreiding van publikasies wat voorligting oor talle sake, byvoorbeeld epilepsie, bilarzia, hartkwale en higiëne verskaf.

Die samewerking van die radio en TV is verkry om die saak van goeie gesondheid en die gemeenskap se eie aandeel daarin te bevorder. Meer as 250 000 plakkate met positiewe gesondheidsboodskappe gaan landwyd versprei word.

Gesondheid raak ons almal – kom ons maak die leuse "leef gesond, leef gelukkig" ons eie en gebruik die geleenthede wat die gesondheidsjaar ons bied om spesiale aandag aan ons eie goeie gesondheid en die van ons medemens in ons omgewing te gee.

J.D. Heyns (St. 10)

# "Three-in-One"!

**Soos soveel maal vantevore het Affies weer geskiedenis gemaak. A.H.M.P. is seker die enigste skool in die land wat 3 hoofprefekte, wat uit dieselfde gesin kom, gehad het.**

In Meisieshoër is Oosthuizen nou 'n besondere van. In 1976 was Ronel hoofmeisie. Sy behaal 7 onderskeidings. In 1978 was Linda hoofmeisie. Sy het 7 onderskeidings behaal en moet nog haar 8ste vak skryf. Vanjaar staan Alta aan die roer van sake.

Elkeen van hulle is op haar eie manier 'n baie besondere mens. Ronel en Linda het albei 'n wonderlike en uiters suksesvolle hoofmeisiejaar gehad. Vanjaar het Alta reeds met die hulp van die matrieks agter haar 'n wonderlike gees in die skool opgebou. Sy het bewys dat sy op vele gebiede 1979 'n uitstaande jaar in Meisieshoër gaan maak.

Behalwe hul gewildheid, persoonlikheid en slimwees, staan hulle ook bekend as die "mooi Oosthuizen-dogters"! Vra enige Sonopper . . .

'n Mens kan nie nalaat om te noem dat klein Elsa vanjaar hoofmeisie van die Laerskool Pretoria-Oos is nie. Volgende jaar sal kleinsussie volg in die breë spore wat haar susters in Affies uitgetrap het.



*Alta*

# Lig vir die Affies

**Laat daar lig wees! Simbolies is dit 'n pragtige leuse, uniek, soos Affies uniek is. Die lig waarvan hier gepraat word, is egter nie van Affies alleen afkomstig nie, maar Affies vorm inderdaad deel van 'n wêreldwye "beligtingskema".**

Aanvanklik mag dit 'n bietjie vergesog klink, maar by nadere ondersoek blyk dit wel moontlik te wees. Ons leuse sluit treffend aan by dié woorde van die Seun van God: julle is die lig van die wêreld - laat julle lig só skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Dié opdrag van Jesus aan sy dissipels kan egter ook op elke Affie betrekking hê, want God wat Lig is, wil hê dat elke Affie 'n kind van die Lig moet wees. In 'n wêreld vol duisternis is kinders van die Lig baie ongewild, maar God bied hulle die kosbaarste van alle dinge, die Ewige Lewe. Die pad wat hulle moet loop is steil en moeilik, tog gee God hier ook uitkoms - U woord is lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. Laat ons dan waardig wandel die roeping waarmee ons geroep is en laat ons ons nie skaam vir die lig nie, want alleen hy wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, sodat sy werke nie bestraf mag word nie.

Op die skouers van elke Affie rus daar dus 'n geweldige verantwoordelikheid, naamlik om te sorg dat Affies se lig nooit uitgedoof word nie. Dit sal wel moontlik wees, maar slegs as elke Affie besef waar sy krag lê, in U Lig sien ons die Lig.

'n Verligte Affie

# Dirkie Uys is besig

**Die Dirkie Uyskommando, met kommandant Roos de Swardt aan die voorpunt, is by die Laerskool Anton van Wouw gestasioneer, waar daar in 1973 'n moderne Spansentrum, die eerste in Pretoria, ingewy is.**

Tans bestaan die Kommando uit 5 veldkornetskappe, naamlik 2 met omtrent 150 Penkoppe en Drawwertjies, 2 met 100 Verkenners en een met omtrent 17 Staatmakers, asook om en by 30 offisiere. Die Kommando bedien in hoofsaak die gebiede Groenkloof, Nu-Muckleneuk, Waterkloof en Waterkloofrif, sowel as enkelinge uit ander gebiede soos byvoorbeeld die Blitsiespan van die A.H.M.P.-koshuis.

* Op 24 en 25 Januarie is die amptelike openingsparades gehou.
* 'n Week of wat later, op Saterdagaand 3 Februarie, het die Verkenners op uitnodiging van die Jan Lombardkommando laasgenoemde se kamp besoek en hul nagmars meegemaak. Ons dank hulle vir die aangename samesyn.
* Nog 2 weke later, van 16 tot 18 Februarie, is 'n kamp vir Span- en Hulpspanleiers naby Hartbeespoortdam gehou ten einde goeie leierskap te bevorder.
* Die volgende Saterdagaand, 24 Februarie, het die Verkenners die geskiedkundige slag van Majuba met die tradisionele voorstelling van die slag en 'n daaropvolgende braaivleis naby Klapperkopfort herdenk.
* Na 2 weke, op 10 Maart, is meer as 20 nuwe Verkenners by die Spansentrum ingelyf alvorens al die Verkenners aan volkspele deelgeneem het. Ons sien uit na 'n jaar wat op hierdie trant sal voortgaan.

Ben du Plessis
Die Blikskottels.



# Lunsklip '79

**Vir die** afgelope ongeveer 20 jaar word die Transvaalse selfbehoudkamp naby Potgieterus aangebied. Tydens hierdie kamp ontvang die Verkenners onderrig i.v.m. die volgende aspekte van selfbehoud: skuilings, plant- en dierkennis, wippe en luike, kaartlees, kompaslees, radiowerk, noodhulp, wapenkuns, selfverdediging, noodvoorrade, vermomming en bekruiping. Die kamp is uniek in die sin dat senior Verkenners die kans gegun word om drie groepe te vorm - twee om die kamp intern te ondersteun en 'n groep wat oorlewing en die veld moet doen.

Lunsklip sal vanaf 17-26 April 1979 gehou word. Affies is bevoorreg om 5 seuns en 3 meisies in die Buitegroep te hê uit 'n groep van 20. Die seuns is Dawie van Staden, Adriaan Ribbons, Hansie Meiring, Johan Havenga en Maarten Hamersma, terwyl die meisies verteenwoordig word deur Wilma Smidt, Didi Afferman en Rita Nel. Hierdie groep sal agt dae hulle veldkennis op die proef moet stel om te kan oorleef en hulle het die geleentheid om die kamp te "probeer" oorneem.

Die twee interne groepe is die Kerngroep in Noodweergroep wat onderskeidelik verantwoordelik is vir die gees en reëlings in die kamp en die bestryding van enige noodsituasies. Affies word in die Kerngroep verteenwoordig deur Ben-Johan du Plessis en Charl Petzer terwyl Mias Niewoudt in die Noodweergroep is. Die Kerngroep is 24 en die Noodweer 14 lede sterk.

D. van Staden, St. 10

# Oor die Kommunisme

**Vanjaar begin Affies met iets nuuts, naamlik geestesweerbaarheid. In die lig hiervan verskyn hierdie artikel oor kommunisme, die onderwerp waaroor daar in die geestesweerbaarheidsperiodes gepraat gaan word met die matrikulante.**

Kommunisme het sy ontstaan in 1848 toe twee Duitsers, Karl Marx en Friedrich Engels 'n pamflet getiteld; "Die Kommunis" gepubliseer het. Marx was 'n ateis en hieruit het hy sy filosofie gebou.

In 1903 stig Lenin met 17 aanhangers die Bolsjewiste Party. Sy aanhangers groei tot 80 000 in 1917. In dieselfde jaar slaag hy met 'n rewolusie en word diktator van die hele Rusland. Na sy dood neem Stalin sy plek in en deur sy wrede "suiwerings" sterf tussen 33 miljoen Russe om alle opposisie uit te skakel. Na die Sjinese Rewolusie in 1952 tel daar 800 miljoen mense onder die kommunisme se aanhangers. Van toe af volg daar 'n geleidelike uitbreiding: Noord-Korea (1953), Kuba (1959), Laos, Kambodja en Mosambiek (1975) en Angola (1976) . . .?

Die kommunistiese leerstellings kan soos volg saamgevat word:

1) Hulle vernietig alle gedagtes oor 'n God.
2) Alles in die wêreld bestaan uit materie - die stoflike word verheerlik.
3) Die wêreld bestaan en ontwikkel deur sy eie krag.
4) Daar is geen radikale verskil tussen 'n mens en 'n dier nie. Die mens is slegs 'n hoër en dus beter vorm van materie as die dier. Daar is geen sprake van 'n siel nie.
6) Kapitalisme is verantwoordelik vir die mens se swakhede en moet dus vernietig word.
7) Kommunisme is die antwoord en moet selfs met geweld gepropageer word. Om hierdie idees in ander lande oorgeplant tekry, gebruik die Kommunis wetenskaplike metodes:

1) Verkry die welwillendheid van ander nasies deur hulp en lenings te verleen.
2) Vakbonde, skole, universiteite, kerke, koerante, sport en politieke liggame word geinfiltreer en geamnipuleer.
3) Bou 'n gesindheid van haat teen die mens se lojaliteit teenoor sy land, regering, vlag en godsdiens, Sabotasie van die gees kom ook hier ter sprake. Stalin sê: "Die hele Weste sal afgetakel word deur pornografie, seks, dwelmmiddels en musiek."
4) Veroorsaak choas deur opstande.
5) Alle eiendom word gesosialiseer (gaan na die staat)
6) Die hele volk word tot kommunisme heropgevoed.
7) Kinders (die jeug) is staatsbesit en word deur indoktrinasie en kondisionering opgevoed.
8) Die staat word oorbodig - die proletariaat regeer.

Die kommunis wil alles vir almal wees. Hy doen hom voor as engel van die lig. Hierin lê sy ooreenkoms met Satan; Hy wil God onttroon. Marx het self gesê: "Die enigste doel van my lewe is om God te vernietig en Hom vir ewig te onttroon." Hy wil soos God wees - hy wil God wees en heerser van die wêreld. Dit wil hy regkry deur haat en leuens.

Die kommunisme het reeds 'n vastrapplek in die kerke en organisasies van die Weste gekry. Vir jare reeds word 'n sosiale evangelie in die VSA - kerke verkondig. In Engeland gaan slegs 2% van die hele bevolking nog kerk toe. Gaan ons toelaat dat kommunisme ook oor ons sal seëvier? Kom Affies, laat ons ons geloof versterk' want slegs met die hulp van God sal ons die gevaar kan afweer. En laat ons kennis van ons vyand opdoen. Sodoende sal ons weerbaar word.

Johan Botha St 10

# Liesbeth for Liberty



# Differensiasie, Integrasie... Konsternasie?

**Baie** studente wat gedurende hulle eerste jaar op universiteit wiskunde of fisika loop, maak vir die eerstekeer kennis met wiskunde waarvan hulle nog nooit van te vore gehoor het nie. Dit is die bestudering van limiete, differensiasie en integrasie.

Differensiasie en integrasie is 'n baie kragtige wiskundige instrument en vereis 'n grondige kennis van algebra, trigonometrie en meetkunde om dit te kan verstaan en te beoefen. Dit is 'n moeilike maar baie interessante vak.




Toepassing:
'n Ryskool by Affies
Nasorg:
Nuwe rugbyvelde

Affies is een van die min skole in die land wat addisionele wiskunde aanbied as ekstra vak.

Enige leerling wat sy wiskunde op skool geniet en beslis goed verstaan, sal hierdie vak baie geniet en sal ook onskatbare baat daarby vind.

T. Claassens st.10




# Redaksioneel

**Graag wil die redaksie al die nuwe personeellede, al die nuwe leerlinge en al die Affies verwelkom. Die jaar 1979 is reeds in volle swang en Affies beloof om weer 'n reuse sukses daarvan te maak!**

**Skoliere van die Afrikaanse Hoër Seunskool kan met reg trots wees op hul tradisies en hul prestasies van die verlede. Hierop moet hulle bou, maar ook moet hulle elke jaar 'n steeds hoër en hoër mikpunt daarstel. Affies het die potensiaal om dit te kan vermag, maar nie alleen die potensiaal nie - met vasberadenheid, deursettingsvermoë en met die hulp van die Almagtige sal hulle dit ook doen.**

**Aan die leerlinge - lewer slegs jul beste op elke gebied. Aan die onderwysers - dankie vir wat u vir ons doen.**

**Mag 1979 'n geseënde jaar wees.**

**Redakteur**

# A.G.S.V. en Maranata-klub

**Vir 'n** gesonde, gebalanseerde lewe, is dit vir elke hoërskoolleerling, en bepaald dié van 'n Affie, lewensnoodsaaklik om toe te sien, dat elke aspek van sy lewe, sy regmatige bydrae sal ontvang.

Te midde van 'n baie druk program t.o.v. skool-, sport-, en kultuurbedrywighede in die lewe van Affieleerlinge, is daar die geleenthede geskep om ook in sy geestelike behoeftes te voorsien. In dié verband, is daar vir die A.C.S.V. en die Maranata-klub die geleentheid gebied om albei een keer per week, gedurende pouses te vergader. Die A.C.S.V. vergader op Woensdae gedurende pouse, en die Maranataklub Donderdae, gedurende langpouse. Geestelike probleme in die lewe van tieners word deur sprekers uitgelig, of andersins word daar bloot gedebatteer oor sekere sake van belang.

Graag word daar op elke Affie 'n beroep gedoen om dié verenigings by te woon. Elkeen sal baat daarby vind.

W. Visser st. 10



# Vir die Leiers

**Die naweek van 19 en 20 Januarie 1979 is daar 'n leierskursus deur die Afrikaanse Hoër Meisieskool op hulle terrein aangebied en 'n groep van ons leerlinge is ook daarheen uitgenooi. Die kursus is oor 'n bestek van twee dae aangebied, naamlik Vrydagaand, die inleidingsaand, en Saterdagoggend, wat hoofsaaklik aan besprekings gewy is.**

Die gasspreker Vrydagaand was generaal Magnus Malan. Hy het gepraat oor weerbaarheid, geestelik sowel as fisies, wat dan ook die tema van die kursus was. Saterdagoggend het professor Johan Heyns 'n boeiende rede gelewer oor geestelike weerbaarheid, waarin hy gewys het op die gevare wat die jeug op geestelike vlak bedreig, maar waarin hy ook oplossings vir die probleem gebied het.

Die toesprake van beide sprekers het min of meer dieselfde kernidee bevat, maar professor Heyns het dit baie mooi saamgevat met die woorde: "As ons staande wil bly, moet ons nog verlig, nog verkramp, maar verankerd wees, verankerd in Gods woord."

Saterdagoggend, na professor Heyns se toespraak, het die leerlinge in groepe verdeel om dit wat genoem is te bespreek, asook om 'n oplossing te probeer vind vir die probleem hoe om ons medemens en meer in besonder ons skoolvriende te beïnvloed en te help om fisies en geestelik weerbaar te wees. Die algemene gevoel was egter dat die leiers self eers weerbaar moet wees, sodat hulle 'n voorbeeld kan stel en op só 'n wyse die daargestelde doel kan bereik.

Tydens die besprekings het daar talle idees na vore gekom. Daar is genoem dat ten einde ons fisiese weerbaarheid te bevorder, ons drie periodes jeugweerbaarheid per week moet hê: een dubbelperiode vir prakties en dan 'n enkelperiode vir teorie. Tydens die praktiese periodes moet daar meer aandag aan noodsaakliker dinge soos selfverdediging, noodhulp en wapenhantering bestee word. Daar is selfs voorgestel dat al die jeugweerbaarheidsperiodes van die jaar saamgetrek word tot 'n tydperk van ongeveer tien dae; wat dan uitsluitlik aan jeugweerbaarheid gewy sal word. Só 'n intensiewe kursus sal hoogs waarskynlik baie effektiewer wees as 'n lang, uitgebreide program.

Ten einde ons geestelike weerbaarheid te bevorder, is voorgestel dat ons godsdiensperiodes aan ope besprekings gewy word. inge dan hul menings lug oor sekere aktuele onderwerpe en ook uitsluitsel daaroor vanuit die Bybel self verkry. As ons nie die Bybel as riglyn het nie, kan ons immers nie weerbaar wees nie.

Op dissiplinêre gebied was almal dit eens dat die dissipline by beide skole bevredigend is en het die meerderheid, teen die verwagting in, gevoel dat lyfstraf onder geen omstanidghede afgeskaf mag word nie.

In die geheel gesien kan die kursus as uiters geslaagd beskou word. Elkeen wat baat daarby gesoek het, het dit sonder uitsondering ook gevind.

R. Booysen st. 10



*Die eregaste kom aan.*

# Matriekdebat: 'n deurbraak!

**Meisieshoër se eerste debat van die jaar, dié van die matrieks, het 'n splinternuwe dimensie aan ons stereotipe debatte verleen en die veld vir ander standerds oopgestel om weer die tradisionele debatte, wat in onbruik verval het, te hervat.**

AFFIES KOOP GRAAG BY HUL VRIENDELIKE WINKEL:

AFFIES RUGBYTRUIE
AFFIES KLEURBAADJIES

**25% KONTANT KORTING OP ALLE KLERASIE**
(AVB uitgesluit)

**ADIDAS "CAP" RUGBYSKOENE**

DRB

**ALBIE BATES**
**MANSUITRUSTER SPORTWINKEL**

**TEL. 74-4135**
**74-3529**


**1ste VLOER NEDBANK FORUM**
**BURNETTSTR., HATFIELD**

Die "verskeidenheidskonsert"-stigma wat in die laaste tyd aan ons debatte begin kleef het, is uitgewis en veral ons broerskool se skimpe dat ons nie 'n konvensionele debat kan hou nie, is hokgeslaan - ons waardeer ook hulle deelname. Die matrieks (op wie ons altyd kan staatmaak) het hiervoor gesorg met 'n lewendige en soms vurige vloerbespreking wat met moeite om 8.55 deur ons voorsitster Liôsbeth Meiring stopgesit is om die debat stiptelik om 9.00 te laat eindig.

Die uiters vermaaklike voorstelling van 'n soortgelyke byeenkoms in die veertigerjare het die nodige vermaak en kleur verleen sodat die funksie nie oninteressant of vervelig was nie. Ons wil ons hartlikste dank teenoor die organiseersters wat hulle puik van hulle taak gekwyt het, uitspreek.

Liesbeth Botha

Kulturele redaktrise.



# Put-met-'n-vrou-in-die-huis

**Affies se matriekdebat wat op 9 Maart gehou is, was meer as 'n yslike sukses! Die speelsters het hulle puik van hul taak gekwyt waarna die lewendigste vloerbespreking in jare gehou is. Dit het die vorm van 'n debat uit die veertigers aangeneem en ons sal die tipiese karakters seker nooit vergeet nie.**



*Wat die hart van vol is . . .*

'n Aantal van Putsonderwater se vroulike verteenwoordigers het in die voorkamer van mev. Dominees vergader om die kwessie of die vrou in haar huis hoort al dan nie, te bespreek. Die dames was almal "smaakvol" geklee en dit het behoorlik 'n kleurryke prentjie vanuit die gehoor geskep.

Mens, maar die tant Dailie is 'n liewe mens, net jammer mev. Dominees se stoele was so ongemaklik want die arem ou "tantetjie" het nou behoorlik gesukkel om haar sit te kry - ek meen 'n vrou van haar jare met 'n paar "vetrolletjies" van haar kaliber het mos spasie nodig! 'n Mens kan sien dat sy in haar standpunt glo 'n vrou hoort in haar huis - want deurentyd was sy maar doenig met die breigoedjies. Liefie is haar eens, ek meen, wie sal nou vir Jan koffie land toe neem en vir hulle ou krosie sorg as hulle nou eers getroud is? Maggies, maar die Dol Dippenaar, die swietsbordmeisietjie, het vir jou uitgehang! Haar uitrusting getuig beslis van Putsonder . . . sonder wat nou weer, se modieuse boetieks se kwaliteit.

Die hele gehoor het telkens geskud soos hulle "snik" toe die weduwee Viljoen die hartroerende Rememberance op die klavier gespeel het. Dié dorpie is 'n plek waar vele talente skuil, neem maar byvoorbeeld Sussie Coesee se aandoenlike vioolsola of mev. Dominee se ou dogtertjie wat "Ag, wat" van oomie Langenhoven so pragtig voorgedra het en wat van die beroemde Smitsusters!

Ander verteenwoordigers was miss. Gibbens, die skooljuffrou en leerling, mev. Gevers, ekskuus tog, Gijfers en die sekretaresse wat hopelik nie weer laat sal wees nie.

Soos vroeër gemeld, het dié onderwerp uiters aktiewe deelname van die manlike, sowel as vroulike geslag uitgelok. Die uiteindelike uitslag was dat die vrou in haar huis hoort.

Mathilda van Jaarsveld (10D)

*O, Leefling van jou Stad.*

*Ons leef in 'n wêreld van*
*„Goeie Môre" en dalk nog „Nag,"*
*Met „Middag" al vergete*
*Weens sy snel verskieteenheid.*

*En wil jy terugkyk, te sien hoe gister lyk,*
*Sien jy môre al verbleik.*

*Tussenin is jy wat „leef"*
*Wat skarrel oor strate, oë strak*
*En monde skeef.*
*Om van vyf-uur tuis te „leef".*

*Toeters en dik wolke jaag jou weg*
*Na jou plek of -kie*
*Verby boemlaars, suigend oor die suipad,*
*sluip jy.*
*Jy koop jou Hoofstad, maar selfs sy Andi Capp laat jy*
*Jou vrou en kind weer min.*

*Ja, na jóú plek gaan jy*
*Waar jy in jou duifhok, dalk onwillend*
*Hoër en weg wil kom,*
*Maar kyk jy óp, is daar nog wolke swewend*
*En jy bly nog onder in elend.*

*Daarom moet jy weet waarom jy leef,*
*Maar besef eers wat is leef*
*En begin by:*
*„In die begin . . ." - Dis gou vir jou 'n Openbaring . . .*

*Bernabé de Vos st. 10*

# JEUGSIMPOSIUM

**Op 12 en 13 Januarie is 'n Jeugsimposium aangebied deur die Afrikaanse Sakekamer van Pretoria. Daar was ongeveer 300 leerlinge teenwoordig waarvan 11 Affies was. Die tema was "Kennisweerbaarheid vir die Sakewêreld."**

Die verrigtinge is Vrydagmiddag deur Prof. Murray Janson geopen met skriflesing en gebed. Referate is hierna gelewer deur Dr. Martin van den Berg en Mnr. J.J. Vermooten. Hulle het dit baie duidelik aan ons gestel wat die Sakewêreld is en sy rol in die landsekonomie. Ons kon ook uit hulle toespraak aflei dat die Afrikaner 'n geweldige agterstand het wat die nywerheid betref aangesien daar slegs 18% Afrikaners is wat poste beklee in die totale sakewêreld. Dit is alleen net in Suid-Afrika.

Van die eregaste by Vrydagaand se buffet-ete was die burgemeester van Pretoria, raadslid W.J. Boshoff en die bekende sanger Rudi Neitz.

Die Hoofspreker by die geleentheid was Prof. Dr. Fred du Plessis en hy het onder meer gesê dat mense in die hedendaagse lewe meer wil ontvang as wat hulle gee. Probeer 'n bietjie meer gee en verwag minder terug en dit sal beter met u en Suid-Afrika gaan.

Saterdag-oggend is referate gelewer deur Dr. Francias Jacobs, Mnr. Woodie Maartens, Dr. Andries Gous en Mnr. Laurie Vorster. Mnr. Vorster het o.a. gesê dat almal na sukses jaag. Maar wat is sukses nou eintlik? Sukses is die progressiewe berekening van 'n waardevolle mikpunt deur harde werk. Ja, daar moet 'n mikpunt in jou lewe wees, anders gaan jy net die wind . najaag en jy moet hard werk om dit te kan bereik. Onthou ook net een ding: Sukses is nié die resultaat van geldmaak nie, maar geldmaak is die resultaat van sukses. Dan ook net 'n laaste puntjie. Baie mense het die wanopvatting dat 'n goeie sakeman 'n persoon is wat goed kan kul. Dit is geensins so nie. Wat wel waar is, is "Life is successful only to successful people".


Aan die einde van die verrigtinge Saterdag-middag het elke leerling 'n dagboek en sertifikaat van die Sakekamer Pretoria ontvang.

Ek wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die Sakekamer Pretoria te bedank vir 'n baie geslaagde simposium. Ek dink na hierdie simposium is daar baie mense wat nie meer so skepties teenoor die sakewêreld sal staan nie, maar dit met vrymoedigheid sal betree.


Johan Pretorius St. 10



*Sal ons ou vriende ooit vergeet?*



## Hoekie vir Eensames




Gogga op Skuldbult is 'n 38-jarige geskeide vrou wat belangstel in uitstappies, akademie en koffiepartytjies. Sy vra mans tussen 13 en 92, wat haar leierseienskappe kan waardeer, om te skryf.




*Lifeboy is 'n heldhaftige, dapper, sterk jongman van sewentien. Hy is 1,5 m lank en sy massa is 93kg. Hy het kort, donker hare en is baie aantreklik. Hy vra alle meisies tussen 12 en 14 jaar wat nie vloek, rook of drink nie om aan hom te skryf.*




Yamaha van Paragon is 'n blouoogstukkie wat belangstel in motorfietse, viole, jeans en wiskunde. Sy soek manlike korrespondente van bo 50 jaar wat daarin belangstel om "dinge" permanent te maak.



*Swerwer is 'n drie-en-twintigjarige matriekseun met 'n groterige mond, diep oë, wye neusgate en lang ore. Hy hou daarvan om vis te vang en piekniek te hou (soms vir dae lank). Hy verkies volwasse dames se geselskap en alle dames bo dertig is welkom om te skryf.*







*Casanova is 'n slim, aantreklike, sterkgeboude Boerseun. Sy stokperdjies is meisies afsê, gewigoptel en gesigsuitdrukkings oefen. Alle meisies met lang, blonde hare, groen oë en groot ore wat tussen 12 en 20 jaar oud is, is baie welkom om te skryf. Net meisies wat werklik belangstel in 'n intieme verhouding moet skryf aangesien hy nie oorstroom wil word met briewe nie.*



Touleidster van Affieland is 'n bruinoogaster wat hoofde en hoofseuns kan ophef tot groot hoogtes. Enige jongman mag skryf. Latiuste en ou's wat Caesar-stukkies kan resiteer, sal voorkeur kry.



*Photopousi is 'n jong, intelligente, aantreklike fotografiese model. Hy is 25 jaar oud en is lief vir lees, perdry en yskaats. Vanweë sy uitsonderlike aantreklikheid is hy baie gewild onder die meisies en daarom is net meisies wat al skoonheidskompetisies gewen het, welkom om te skryf.*



*Steeds op soek is 'n skaam, aantreklike jongman, vriendelik en opreg, maar hy het net een groot probleem – hy voel baie aangetrokke tot meisies, maar is so skugter dat hy net van veraf hulle kan betrag en nooit naby hulle kom nie. Meisies, moenie op julle laat wag nie, wie weet, wie eerste daar is . . .?*

**Uiteindelik!** 'n Onderwyser van Seunshoër en onderwyseres van Meisieshoër gaan trou! As hy dan nog N.Tvl. se heelagter en sy N.Tvl. se hokkiekapteine is, is dit werklike 'n besondere verbintenis. Affies wens mnr. Pierre Edwards en mej. Aryna Lombard net alle geluk en voorspoed (en baie klein Springbokkies) toe.

# Affies begeester!


**Donderdag 15 Februarie sou-net soos elke Donderdag met 'n Geestesweerbaarheidperiode begin. Jan Barnard, gewese Springbok atleet sou ons kom toespreek. Min het die Affies egter besef hoe hulle 40 minute later sou voel en watter blywende indruk mnr. Barnard op hulle sou maak!**

Mnr. Jan Barnard het, nadat hy deur mej. Holtzhausen aan die woord gestel is, begin praat. Vir 40 minute het die hele skool met verwondering en algehele konsentrasie geluister na iemand wat uit eie ondervinding vir hulle die begrip van motivering verklaar het.

Die applous was ongelooflik. Die gehoor se onmiddellike reaksie was – die fantastiestе toespraak ooit! Die matrieks veral het bykans drie periodes geneem, voordat hulle uitgepraat was oor mnr. Barnard se inspirerende woorde.

Dit was 'n ondervinding en 'n voorreg vir almal om so 'n besielende toespraak uit die mond van 'n ware Afrikaner te kon hoor.

Susan Adendorff



# Redenaarskompetisie

**Op die onlangse Afrikaanse Redenaarskompetisie, gehou op 22 Februarie het ses spanne as volg meegeding:**

**Span 1** J. Kriel en E. Potgieter
**Span 2** J.J. Kent en J. du Preez
**Span 3** L. Botha en A. Dippenaar
**Span 4** C. Steenkamp en K. van der Westhuizen
**Span 5** D. Bezuidenhoudt en J. Booysen
**Span 6** B. Swart en J. Heyns

Die kompetisie het die volgende temas behels: (1) Sondagsport (Span 1 en 6) (2) Suid-Afrikaanse sportbeleid (Span 2 en 5) (3) Het Rhodesië 'n kans? (Span 3 en 6)

J. du Preez; L. Botha; A. Dippenaar; D. Bezuidenhoudt; B. Swart en J. Heyns het tot die finaal deurgedring en verdien 'n spesiale woord van gelukwensing.

'n Spesiale woord van dank gaan aan mnre. J. Pretorius; J. van Rensburg en F. Le Roux vir hul gewaardeerde advies en ook al die opoffering met die uitdun en finale keuring van mededingers.

J.J. Kent St. 10

*Jy's 'n gelukkige mens as jy*
*gelukkig kan wees*
*Om ander gelukkig te sien.*

*B. de Vos St. 10*

# Affies - Sport - Quo Vadis?

**Na die uitstaande hoogtepune van 1978 (die verowering van die gesogte Administrateursbeker vir rugby en die Appletisertrofee (vir Tennis, vir die soveelste maal) was daar 'n paar vreugde-wekkende episodes in ons sportkalender vir 1979, maar dan ook weer die teleurstellende seerkry van verloor na groot verwagtings . . .**

Die vraag ontstaan nou: Is dit 'n toevallige insinking of beleef Affies nou die spreekwoordelike "siklus" wat in die sportgeskiedenis van so baie skole-, provinsiale-, en Springbokspanne te bespeur is? Kan die bioritme – die wonderwoord en nuutste begrip van die moderne sportfisiologie en sportsielkunde, dalk verklarings bied vir die "heelparty" insinkings wat ons vandag beleef? Is daar sprake van 'n kollektiewe bioritme in die skool, wat sy fisiese, emosionele en intellektuele laagtepunt hier in die eerste termyn bereik het? So 'n stelling is egter baie onwaarskynlik en onwetenskaplik, aangesien bioritme 'n uitsluitlik individuele verskynsel is – dit is hoogs onwaarskynlik dat so baie van ons top-sportmanne almal tegelyk hul laagtepunt bereik het.

In die wondelgange van ons skool word deesdae dikwels bespiegel: "Is Affies besig om uit te sak op sportgebied? Indien wel, kan mens dit keer?"

Dis wanneer ons met sulke pessimistiese gedagtes besig is, dat mens dankie sê vir 'n Jakobus Jordaan, dankie vir 'n Danie Cornelius (wat sy Noord-Transvaalse atletiekkleure verwerf het), Conroy du Plessis (skerm), die Hattingh-broers (ring-tennis) en vele ander sportmanne wat met uitstaande prestasies ons skool se naam hoog hou! Ons is ook innig dankbaar vir elke lid van die atletiek en swemspanne (wat onderskeidelik 'n welverdiende 2e en 3e plek behaal het op die Interhoër-byeenkomste) Vir elke lojale en getroue sportman wat in die eerste termyn onselfsugtig sy beste gelewer het, 'n groot dankie! MAAR VERAL baie dankie vir dié groep in ons skool wat minstens probeer het!

Daar is egter ook 'n ander, tere sy van die saak wat in die toekoms baie aandag sal moet geniet . . . Menlopark storm nog steeds voort op sy segetog – in dié vroeë stadium van die jaar het hul ons reeds in atletiek, swem en krieket oorweldig! (Affies dit is hoog tyd dat die "blou-golf gestuit word!!) Vir die eerste keer in jare het ook 'n ander skool, Potchefstroom Tegnies ons op atletiekgebied 'n drag slae gegee . . . Dit is dus duidelik dat nabetragting, ontleding én 'n nuwe, vasberade, vroegtydige voorbereiding noodsaaklik is!

Maar soos die ou boere tereg gesê het: Moenie jou kop soos 'n volstruis in die sand steek nie! (want dan kan jy net met die erdwurms in die 100 meter kompeteer! . . .)

Affies, daar lê twee termyne voor – inklim, toeskouer en deelnemer! Affies beleef nog **nie** 'n tweederangse posisie nié, maar as dié tendens wat in die eerste termyn bespeur is voortgaan, mag ons dalk daar eindig!

Miskien moet ons nou as massa besluit of ons aan sport wil deelneem vir blote ontspanning, of wil ons vir ons alma mater **presteer** of wil ons verval in 'n anonieme, alledaagse doen en 'ook maar saamgehardloop" of wil ons Affies op die sport-landkaart hou??


Besluit en besluit asseblief baie gou!!

Willem Kemp

**Lady Luck**



**Player Queen**



## Drama-Drama

**Die** Pretoria School's Drama Festival het weer eens gesorg vir een van die hoogtepunte van ons matriekjaar. Affies het twee eenbedrywe ingestuur: W. Lady Luck en Player Queen.

Met dreigende drama-senuwees en twee paniekerige onderwyseresse is die opvoerings uiteindelik op die planke gebring.

Player Queen was so gelukkig om aangewys te word as wenner van die tweede taal-afdeling en Liesbeth Meiring het haarself onderskei deur aangewys te word as die beste aktrise in dié afdeling.

Ons moet egter erken; was dit nie vir "Lady Luck" op ons skouers nie . . .!

Jennie Johnson

# Redenaarsfees

**Maandagaand 12 Maart het 'n groep van 9 dogters uit st. 8C aan die redenaarsfees by die Hoër Handelskool deelgeneem.**

Elke groep moes twee reëls uit 'n gedig bespreek.

Groep I (Susan Barnard, Isabel de Vries, Sonja Smith, Nerene van Rooyen en Magda Viljoen) het die volgende reëls uit een van Lina Spies se gedigte bespreek: "Miskien moet ons net, sonder om te kniel, dankie sê vir sterre en geel katte." Die beoordelaar was beïndruk met hulle idees en die groep het positiewe kritiek ontvang. Groep I het ook die hoogste punte in die streek ontvang.

Groep II bestaande uit Marianne Malherbe, Karen Nel, Susan Nel en Alet Swarts het baie kontensieuse onderwerpe aangeroer. Uit Lina Spies se gedig "Eenheid" het hulle oor die volgende bespiegel: "Ons is almal eenders en gelyk gebore, dit is die waarheid wat die mense lieg." Ook hier was die beoordelaar baie beïndruk. Hy het hulle geprys oor hulle intelligente en logiese benadering van dié moeilike onderwerp.

Affies het weer eens haar leuse uitgeleef: "'k Sien haar wen!"

Sonja Smith en Magda Viljoen



*St. 8 - redenaars*

# English debate

**We wish to congratulate the following persons who were elected to serve on the English Debating Society for 1979: M. du Plessis (Chairman); A. Kroch (Vice Chairman); R. Burger; J. Kent; W. Kemp; F. Knipe and J. Krynauw.**

Through their leadership and efforts the English Debating Society will probably reach heights never achieved before.

The first English debate was held on the 2 February. It was on extraordinary occasion in that the first half of a film shown served to initiate the actual debate. The competitors B. Coetzee and J. Kent (Team A) and W. de Kock and P. Viljoen (Team B) had the difficult task to debate the final outcome of the film in advance.

The stimulating debate was followed by a short interval and very lively floor discussions. The audience voted in favour of Team A. This eventually created the climax of the proceedings, because the final part of the film proved Team B to be correct.


A warm word of appreciation goes to all who participated in making the evening a wonderful success.

Viva Zapata J.J. Kent

# Mode

Nostalgia tree in, die wintermodes is van kop tot tone die silhoeët van die veertigers – genoem die "WIG"
- getailleerde pakkies met nousluitende rompe en baadjies met die klem op die skouers.
- opgevulde skouers vir hemprokke, bloese en baadjies.
- materiale: crêpes, gabardiens en rayons.
- Pildooshoedjies en hoedjies met sluiertjies, is 'n herlewing. Die Nehru-hoedjies rond ook 'n uitrusting deftig af.
- klein middeltjeis en gordels van alle kleure en groottes is noodsaaklik.
- enkelstewels, tolhakke en oprygskoene is hoogmode.

K.L.M.R.



# Gewaarwording van 'n Standerd sesser

**Baie gedagtes het by my opgekom toe ek Dinsdag 9 Januarie 1979 die eerste keer as leerling van A.H.S. deur die booghek gestap het – 'n gewaarwording van opgewondenheid, 'n gevoel van vreemdheid en les bes, hoe gaan dit voel om 'n Affie te wees?**

Een ding is seker: ons standerd sessies is terdeë bewus gemaak van die feit dat ons nou die Juniors is en as iemand dit dalk vergeet het, het die seniors (of te wel "Ooms") hom gou "ewe vriendelik" reggehelp! D.m.v. die oriëntering is die gevoel van vreemdheid gou afgeskud en het ons kennis gemaak met die geskiedenis van Affies en al die dinge wat ons nuwe skool vir ons bied.

Met dié groentjiekonsert agter die rug was ons uiteindelik volwaardige leerlinge van Affies. Ons het besef dat dit nie sommer enige skool is nie, maar 'n skool met 'n roemryke verlede, trotse tradisies en ook groot ideale vir die toekoms. Vandag kan ek in alle eerlikheid my bors uitstoot en sê:

DIT IS LEKKER OM 'N AFFIE TE WEES!!

Johan Pretorius St 6B

*Opgedra aan die Leser.*

*Een aspek van die lewe waarmee ons te doen kry, is terneergedruktheid, al probeer ons dit soms ook wegsteek.*

*Dit is in sy wese 'n gebrek aan selfvertroue, wat weer die gevolg is van teleurstellings wat mekaar opvolg. Klein dingetjies kry jou maklik onder en jy het al jou voornemens om hard te werk en jou bes te doen, vergeet. Jy en ek, sien dan in alles net die skaduwee raak en probeer eerder om van die probleme af weg te vlug, as om daarin te poog om hulle op te los.*

*As jy op die oomblik 'n meer „gelukkige" pasiënt in die hospitaal van die lewe is, (so lyk die lewe naderhand vir jou) sal jy verkondig dat hierdie dinge jou geensins meer raak nie en jy lag dit af as jy byvoorbeeld swak gedoen het in 'n toets of in jou sport.*

*As jy dan so ver gekom het om jou siekte te diagnoseer, pleit ek by jou, bestry dit met jou hele wese. Stel weer vir jou nuwe ideale. Werk vandag en as jy hom oorwin het, is môre joune. Kry weer nuwe wilskrag en doen net jou beste in alles, al lyk dit vir jou ook nietig.*

*Ja, ek weet ons kan dit nie uit ons eie krag vermag nie, maar onthou om Hom in al jou weë te ken. Wees getrou! Sterkte vir volgende termyn.*

*B. de Vos. St. 10*

## Weer alle eet-aanvalle af!

1. Hou jou gedagtes van kos af deur besig te bly.
2. Wag tien minute, as jy nog lus is, drink 'n glas water.
3. Plaas die kos waarvoor jy lus is voor jou in 'n bak en sit en kyk daarna! Of jy sal besin óf jou mond sal water.
4. I.p.v. 'n sny brood eet Pro-Vita.
5. I.p.v. koffie, tee: i.p.v. tee, melk: i.p.v. melk, koejawelsap: i.p.v. koejawelsap, lemoensap: i.p.v. lemoensap, 'n glas water.
6. I.p.v. suiker, bruinsuiker dus heuning.
7. I.p.v. om met die motor skool toe te ry, ry met die bus, dan per fiets, dan stap.



**Debat**

**'n Geslaagde** Afrikaanse Debat is hierdie termyn gehou. Na lange samesprekings is op die onderwerp van die "Suid-Afrikaanse huisgesin verbrokkel" besluit. 'n Aantal sprekers is in twee spanne verdeel wat die standpunt moes inlei en teenstaan. Die spanne was:


**Inleidend:**
Willem Kemp
Kobus van der Westhuizen
Bernabé de Vos

**Teenstellend:**
Johan-Dirk Heyns
Roelof Horne
Christo Delport

Na vurige toesprake en repliek-lewering, was daar 'n lewendige vloerbespreking. Veral die koshuis was 'n bepalende faktor in die uitslag. Die stemming het aangetoon dat die huisgesin in S.A. nie besig is om te verbrokkel nie. Dit was verblydend om te hoor dat die jeug saamstem dat die huisgesin nie besig is om te verbrokkel nie, alhoewel daar relatief baie uitsonderings is.


'n Woord van dank aan die Debatsbestuur en verskeie onderwysers vir hul bydrae om die debat moontlik te maak.

Voorsitter










*Hoe het die "helde" geval.*



































**Affie-treffersparade**

Mnr. Roesch: Pinball Wizard, Every which way but loose.
Mnr. Blaauw: Die bok se klok.
Mnr. Marais: My Blinkvosperd, Heavy Horse.
Mnr. Edwards: Pale toe.
Mnr. J. v.d. Merwe: A man I'll never be.
Mnr. Van Wyk: Stayin' Alive, Die trein na Matjiesfontein.
Mnr. Pretorius: I wish I was a Toyota from Dan Perkins.
Mnr. Venter: Maar in Amêrike.
Mnr. Bezuidenhout: Red Rubber Ball.
Mev. Le Roux: Liewe Heksie.
Mev. Schoeman: The Minstrel in the Gallery.
Mev. Botha: One and one is one!
Mnr. Van Staden: The Boys on the Border.
Dr. Minnaar: The World at War.

**Shakespeare - aanhalings vir elke geleentheid.**

Blits na Interhoër-swem.
"Oh, horrible! Horrible! Most horrible!"
(Hamlet)

Seunshoër na Interhoër-atletiek:
"Frailty thy name is woman!"
(Hamlet)

Voor 'n toets:
"It harrows me with fear and wonder"
(Hamlet)

In die toets:
"Oh hell! What have we here!"
(Merchant of Venice)

Na die toets:
"Oh fie on't! Fie!"
(Hamlet)


Met die toetsuitslae:
"Something is rotten in the state of Denmark"
(Hamlet)

Wanneer jou groot liefde naby is:
"Hold, hold my heart!"
(Hamlet)

Na 'n aand uit:
"Adieu, adieu, remember me!"
(Hamlet)

Klas aan Juf. Hönck na lesing oor:
What is love?:
"Well said, old mole!"
(Hamlet)

Jennie en Carinne




# Tops of the "Unmarried" Pops

1. Juffrou Holtzhausen: "Three times a lady"
2. Juffrou Hönck: "Your'e my best friend"
3. Juffrou Hirschron: "You don't bring me flowers"
4. Juffrou Basson: "I wanna see the bright lights tonight"
5. Juffrou Swart: "I don't care what you say . . . this is my life . . . just leave me alone"
6. Juffrou Bothma: "Oh, what a circus!"
7. Juffrou Graupner: "All for a reason"
8. Juffrou de Wet: "I lost my heart on a starship trooper"
9. Juffrou Jubber: "Well, Alright!!"
10. Juffrou Lombard: "So you win again"
11. Juffrou Willemse: "Stay as sweet as you are"
12. Juffrou Pellisier: "You thrill me"

: Someone in 10E
From: A Matric in 10E

# Die Sterre Voorspel

**Steenbok**
22 Desember - 20 Januarie:
Finansies: In 'n geldelike verknorsing?
1. Moenie so baie met jou "fifty" om die blok ry nie.
2. Moenie dat jou vroulike inkuisies met jou op hol raak nie, dink tweekeer voor jy koop.
Romanse:
Jammer vir jou?
Ambisie: Sondagoggend na Saterdagaande: "Môre stond het goud in die mond'.

**Waterdraer**
21 Jan. - 29 Febr.:
Finansies: Geld vir jou, net soos water, is volop.
Romanse: Jammer, jou stroompie het opgedroog.
Ambisie: Moenie water mors nie - baie druppeltjies maak een gróóót stroompie.

**Vis:**
20 Febr. - 20 Maart:
Finansies: Pasop! Geld is nie so volop soos skubbe nie.
Romanse: Groot vangs oppad. Gooi jou net, net aan die regtekant - daar is baie visse in die see.
Ambisies: Visse swem in skole - werk hard!

**Ram:**
21 Maart - 20 April;
Finansies: Goeie teken in sig - wolprys styg steeds.
Romanse: Wel, wel, skeertyd is om die draa.
Ambisie: Soek groener weivelde.

**Bul:**
21 April - 21 Mei:
Finansies: SPAAR, spaar, spaar
Romanse: Gaan wei met volgende volmaan . . . Ambisie: Doen iets aan jou humeur.

**Tweeling:**
22 Mei - 21 Junie:
Finansies: Weens die feit dat jy altyd moet deel mag jy dalk verliese lei.
Romanse: Liefde is: Simmetries.
Ambisie: Twee koppe dink beter as 33n.

**Kreef:**
22 Junie - 22 Julie:
Finansies: Gelukkig het jy nooit 'n groot behoefte aan geld nie - jy gaan nie ver kom nie.
Romanse: Moenie die kat in die donker knyp nie.
Ambisie: Onderneem 'n vakansie maar moenie te ver van jou natuurlike habitat af weggaan nie.

**Leeu**
23 Julie - 23 Aug:
Finansies: Volop soos maanhare, maar onthou net, hoe ouer jy word, hoe minder hare!
Romanse: Wees tevrede met net een.
Ambisie: Onthou, iemand het eenkeer 'n doring uit jou voet gehaal, nou is dit jóu beurt.

**Maagd**
24 Aug - 23 Sept.:
Finansies: In die begin van elke maand is daar 'n moontlike verbetering in jou geldsake te bespeur.
Romanse: 'n Besige tyd - pasop, te veel van 'n goeie ding raak later minder goed.
Ambisie: Staan op jou regte.

**Weegskaal**
24 Sept. - 23 Okt.:
Finansies: Soos 'n wipplank - op en af.
Romanse: Liefde kan nie geweeg word nie.
Ambisie: Pasop vir gewigsprobleme.

**Skerpioen**
24 Okt. - 22 Nov.:
Finansies: 'n Mens kan nie alles met geld koop nie.
Romanse: Ag, sies tog, - die liefde is blind.
Ambisie: Knyp die een voor jou op die leer, sodat hy vinniger kan klim.

**Boogskutter**
23 Nov. - 21 Des.:
Finansies: Weens jou besondere liefde vir die mooie het jy nie geld nodig om jou gelukkig te hou nie.
Romanse: Pasop dat jou pyle nie met Cupido s'n deurmekaar raak nie.
Ambisie: Tel tien voordat jy skiet.

K.L.M.R.

**Dinge waaroor onderwysers droom**

Mnr. Blaauw: Bok-bok as nasionale spel.
Mnr. Marais: Om in faktore te ontbind as hy doodgaan.
Mnr. Venter: 'n Vrou wat sy hêmde uit Amêrike kan stryk.
Mnr. Booysen: Verhogings vir haarkappers.
Mnr. Fraser: 'n Nuwe bo-kaak.
Mnr. Bosau(sr): Epol.
Dr. Minnaar: Wieviel hat Hennie Schoeman?
Mnr. Pretorius: 'n Afrikaanse uitgawe van "Joe of the Bushfeld"
Mnr. v.Wyk: 'n Ordentlike rusbank in die personeelkamer met meer asbakke.
Mnr. v. Staden: 'n Fietspeloton in die Caprivi.

# 'n Moderne liefdesverklaring

**Ek kan op jou bank soos op die Standard - jy is vir my bedoel, liefling. Jou oë is so blou soos Superblue-Surf en jou hare blink soos die glans wat Sunlight Liquid aan skottelgoed gee.**

Jy het die uithouvermoeë van Firestone se staalgordel - straallaagbande. Jy is soos melk- fantastiese- melk ek weet nie wat ek sonder jou kan doen nie. Jy streel my sinne soos "6th sense", jy trek my aandag soos die fluistering van Nuance, jy is so opgewek soos Charlie en so onweerstaanbaar soos Mum 21.


Jy is so lig soos Peter Stuyvesant en so ekonomies soos die Volkswagen Golf. Jy gee my 'n nuwe perspektief op die lewe soos Polaroid en jy is so elegant soos die Audi 100GL (en so gewillig op 'n koue oggend ook). Soos Dogmor bring jy die dier in my na vore - Rargh.

Kom ons vlieg saam op die vleuels van 'n hoë, wilde wind, kom ons omhels mekaar met die vasvat van Bostik. Klou aan my vas soos Ponal - houtlym . . . haai, dan het ek jou mos wragtag lief! Met erkenning aan R.A.U.



**Sterparade!**

**Verskeie** Affies het reeds op TV verskyn en daar is gedink aan die volgende rolverdelings vir ons onderwyseresse:
Mev. Langley - Heidi
Juf. Jubber - Pippie Langkous
Juf. Holtzhausen - Bella Bloomberg in Drama-Drama
Juf. Senekel - Juf Rottenmaier in Heidi



# Affieland swaar geteister!

**Die redaksie in samewerking met die A.U.K.(Affie Uitsaaikorporasie) het die volgende uittreksel uit die T.V.-nuusbulletin van 15 Januarie 1979 publiseerbaar gemaak.**

Die hele Affieland word sedert 9 Januarie deur 'n heel onbekende siekte geteister. Ons medewerker berig dat ou inwoners meen dat dit die ergste in jare is. Selfs die kabinet vergader elke dag in die raadsaal vanaf 11h00 tot 11h30 om die aangeleentheid te bespreek. 'n Span deskundiges op die gebied van virus- en pesbestryding is onmiddellik na die geteisterde gebied ontbied en hulle verseker die paniekbevange inwoners van hulle bekwaamheid en beloof ongeloof-like resultate.

Die herkoms van hierdie 2-benige, veelvormige en -kleurige uitbotsels wat tans as Babbegrillus Acutuus bekend staan is waarskynlik die gevolg van die broeiende hitte en ernstige droogte wat die gebied tans ondervind, hoewel nog nie met sekerheid gesê kan word nie. Die span doelgerigte en uiters ervare professore onder leiding van prof. A. Oosthuizen sê dat hulle nog nooit met so iets te doen gekry het nie, maar hul eksperimente maak reeds goeie vordering. Hoewel daar aanvanklik gemeen is dat die gebied veiligheidshalwe onder kwarantyn geplaas moet word, is daar pas aangekondig dat die professore se resultate reeds so merkwaardig is, dat dit nie meer nodig blyk te wees nie, maar die inwoners bly gewaarsku!



*Bobbegrilla-temmers*

In 'n onderhoud wat met verskeie spanlede gevoer is, blyk dit dat die uitbotsels redelik hardnekkig is, maar spanlede sê dat daar met die behandeling voortgegaan sal word totdat die siekte óf uitgeroei óf onskadelik gestel is.

Ten slotte bedank die kabinet die deskundiges by voorbaat vir hul werk en vertrou ten volle op hul bekwaamheid.

Mathilda van Jaarsveld (10D)

# Knip uit en Hou

**'n Deel van ons daaglikse lewe en denke, is die huidige ongunstige ekonomie. Dit is dan onvermydelik dat hierdie tendens die fondsinsameling van alle Welsynsorganisasies, negatief beïnvloed.**

Meeste organisasies stuur jaarliks 'n oproepbrief aan die publiek waarin vir donasies gevra word. Daar word egter ook gesteun op vrywillige hulp en vir 'n Welsynsorganisasie is die daadwerklike ondersteuning van hierdie helpers haas ondenkbaar.

Verskeie fondsinsamelingsprojekte word van tyd tot tyd onderneem waarby die publiek direk betrokke kan wees nl. konserte, filmvertonings, kermisse, modeparades en veral ook straatkollektes.

Daar is in Suid-Afrika drie welsynsorganisasies wat jaarliks 'n seëlveldtog loods nl. die Paasseëlfonds vir kreupeles, die Gesinseëlveldtog ten bate van kindersorg en die Kersseëlfonds vir teringlyers. Aldrie hierdie veldtogte regverdig u daadwerklike hulp en ondersteuning.

In die lig van hierdie gegewens en ook die feit dat dit vanjaar "Die Jaar van die kind" is, doen Stroom-Op 'n ernstige beroep op sy lesers om hul eie verantwoordelikheid t.o.v. welsynswerk weer in heroënskou te neem en te begin help waar hulle kan.

Een baie belangrike terrein waar die hulp van veral skooldogters haas onontbeerlik is, is straatkollektes. Hier volg die datums van 'n paar straatkollektes waar hulp baie welkom sal wees.

Teken die datums asseblief aan:
**Pretoriase Kindersorgvereniging: 23 Junie (tel. 24276)**
**Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys: 18 Augustus, 27 Oktober (tel. 20083)**
**Pretoriase Vereniging vir Burgerlike Blindes: 1 September (tel. 483224)**

## ONTSPANNING

**Die nuutste** Musiekrolprent "Sgt. Peppers Lonely Hearts Club Band" het baie verskillende reaksies uitgelok. Met Saterday Night Fever" en "Greace" nog vars in ons geheue, het ons half iets anders verwag, maar tog is ons nie teleurgestel nie. Die musiek, gemaak deur die Bee Gees en Peter Frampton, is oorspronklike treffers van die Beatles. Die Bee Gees het dit egter baie mooi oorgedra en van die liedjies is amper beter as die oorspronklikes.

As jy gegaan het met die doel om 'n diep, aktuele film te sien, sou jy sekerlik teleurgesteld gewees het. Dit is geheel en al 'n Fantasie waarvan 'n mens elke oomblik kan geniet.

Die verhaal is gebaseer op die Beatles se langspeler, Sgt. Peppers Lonely Hearts Club Band, wat tien jaar gelede uitgegee is. Gassterre was Aerosmith, Alice Cooper, "Earth, wind and fire," Billy Preston en Stargard.

'n Dubbellangspeler word uitgeryk deur CIC-warner en is verkrygbaar by enige platehandelaar.

K.L.M.R.

## KOEKIES VIR DIE KINDERS

**Hierdie** komende Paasnamweek sal duisende kinders weer wonder ' waarom hulle dan vergeet word. Sommige van hulle sal miskien nog onthou hoe dit voel om 'n eie huis te hê, ander het dit nog nooit eens ervaar nie.

Die Huisvlyt-leerlinge het pakkies tuisgemaakte koekies, lekkers of ander lekkernye vir daardie kinders gemaak. Hulle het ook elkeen 'n rand donasie aan die kinders- en Gesinsorg geskenk.



"Nee, hulle bid nie, hulle soek na die Aiatollah Khomeineh se kontaklense!"

# Groentjiekonsert '79

**Om die Bobbegrillas (st. sesse) te tem was alreeds 'n groot pro--bleem, maarom hulle vir 'n konsert af te rig, was feitlik 'n onbe--gonne taak!**

Die matrieks het egter gou ontdek dat daar heelwat talent onder hulle skuil. Die program het die vorm van 'n verslag oor die navorsing i.v.m. dié snaakse wesens aangeneem. Die vordering in verskillende lande is voorgestel: byvoorbeeld: in Oostenryk het hulle daarin geslaag om bobbegrillas te laat ballet doen. Benewens die dansitem was daar 'n paar oulike voordragte, advertensies en sangitems. Tussenin die nommers het verskillende professore formules van bobbegrillas verduidelik. Aan almal wat hard gewerk het om die funksie 'n sukses te maak: baie dankie, dit was beslis die moeite werd. Ons hoop dat die "hervormingswerk" geslaagd was, sodat daardie fratse van die eerste 2 weke nou verander het in ware, normale Affies. Welkom in Meisieshoër!

Liesbeth Meiring



*Die sessies wys hulle talent.*

# Affies skop opskop af

**Meisieshoër het hierdie jaar maar slegs vir die tweede keer in die geskiedenis 'n groep trompoppies. Hulle bestaan uit 34 meisies wat na 2 uitdunne gekies is uit die St9 en 10 dogters.**

Ons trompoppies gaan optree by 'n tuinparty wat gehou word deur die Kindersorg in Overvaal, die Administrateurswoning. Hulle sal die eerste keer voor die skool marsjeer met die opening van die Trimpark.

Hulle word afgerig deur Mej. Jubber (self 'n trompoppie op haar tyd!), bygestaan deur Theo Kleynhans wat verlede jaar Seunshoër se tamboermajoor was.

Die trompoppies oefen elke oggend vanaf 7-uur elke pouse en ook sommige middae en is reeds besig om 'n hoë standaard op te bou. Hulle sal optree saam met Seunshoër se orkes.

Die leidster is Isabel Colesky en haar twee onderleidsters is Karen Otto en Ilse Evans.

Mag ons opskoppende trompoppies nog groot hoogtes bereik!

Corinne Oosthuizen

## DANSAANDE

**Met die** intrapslag in die matriekjaar, het ons as matrieks besluit dat sekere veranderings t.o.v. sosiale aangeleenthede met die meisies oorkant die straat, baie tot 'n suksesvolle jaar kan meewerk. Mnr. Pretorius het ons om idees gevra en 'n sprankelende idee is geopper; Dansaande vir die seniors! Dit sal natuurlik goed georganiseer moet word, maar ons is seker dat daar onder die matrieks genoeg mense sal wees wat die organisasie op hulle skouers sal neem met personeel in toesighoudende hoedanigheid.

Hierdie dansaand kan een keer per maand aangebied word. Ons kan op die manier dan ook geld insamel vir die skoolfonds deur 'n ingangsfooi te hef. Ons hoop dat mnr. Roesch aandag sal gee aan hierdie saak en ons kan hom verseker dat hy 100% ondersteuning van die matrieks het.

Matriekseuns-1979

# Die Rekenaar as "wese"

**Met die toenemende belangrikheid van die rekenaar in die samelewing vahdag het rekenaarswetenskap 'n baie belangrike vak geword. Ek wil voorspel dat dit oor 10-15 jaar net so 'n belangrike vak as wiskunde en wetenskap gaan wees.**

Gedurende die 3 jaar wat rekenaarsstudie op skool aangebied word (st8-10), leer jy baie omtrent die rekenaar, die werking van die rekenaar en hoe om met die rekenaar te kommunikeer.

Daar is baie tale wat jy vandag kan gebruik om met 'n rekenaar te kommunikeer. Een van die belangrikste en mees effektiewe tale is Fortran. Fortran is spesiaal geskryf vir wiskundiges en wetenskaplikes.

Gedurende die 3 jaar skryf jy self om en by 50 interessante programme om probleme op te los. Die matriekstudente word ook later toegelaat om self met die rekenaar te werk. Aan die einde van matriek is jy Fortran volkome baas en sal jy dit dwarsdeur jou lewe nuttig kan gebruik.

Die rekenaar kan egter in die besigheidswêreld ook gebruik word en gedurende jou matriekjaar word Cobol (Common Bussines orientated language) aangeleer.

Jy sal nooit spyt wees as jy Rekenaarsstudie as sewende vak geneem het nie. Op Universiteit is dit vir enige B-Com en BSc ing. student noodsaaklik asook vir baie ander wiskundige en wetenskaplike rigtings. Deur Rekenaarsstudie as sewende vak op skool te neem, neem wel 'n bietjie van jou vrye tyd in beslag, maar op Universiteit sal dit jou baie tyd spaar en van onskatbare waarde wees. Dink ook aan die voordele wat dit vir jou inhou wanneer jy aansoek doen om 'n beurs.

Rekenaarsstudie is 'n baie duur vak, maar dit kos jou niks. Hier in die stad het ons ook 'n voordeel omdat daar op dorpe en kleiner stede nie rekenaars is wat dit vir skoliere moontlik maak om die vak te bestudeer nie. Maak dus gebruik van hierdie voorreg.

Tian Claassens: St. 10

## GRIMERING

1979 se wintergrimering is hoofsaaklik op die mond gekonsentreer
- 'n helder kleurstrook by die sagen natuurlikheid van die gesig.
- 'n oogskadu wat glinster en rooisel hoog op die wangbeen.
- hare is ellegant getooi en mooi gestiller met rolle, vingergolwings en krulle.

K.L.M.R.



*Mnr. Ceronio wys ons hoe.*

# Toespraak oor Bonsai

**Op 22 Februarie het Mnr. C. Ceronio in die stadsaal lede van die Wetenskapklub oor die miniatuur boompies toegespreek en later 'n demonstrasie gelewer.**

Die oorsprong van Bonsai kan teruggevoer word tot omtrent 1000 jaar v.C. toe dié kunsvorm Japan binnegekom het. Sedertdien het die maak van bonsai-bome tot 'n gespesialiseerde kunsvorm ontwikkel.

Bonsai beteken letterlik: 'n boom in 'n houer en dit het ons gesien toe Mnr. Ceronio 'n Witstinkhout boompie oorgeplant het. Dié boompie het hy gelukkig aan ons Biologie klas geskenk.

Na dié praatjie het die bonsaigogga meeste gebyt en sien mens orals net klein boompies!



# Sport en fisieke oorwegings

**Een van die basiese kenmerke van sport is die liggaamlikheid en die beweging wat daarmee gepaard gaan. Wanneer die fisieke verdienstelikhede van sport oorweeg word, kan dit alleen geskied ten opsigte van daardie vertakkinge van sport wat gekenmerk word deur die sogenaamde grootspierbedrywighede.**


Die verband tussen liggaamlike aktiwiteit, fiksheid en gesondheid is wetenskaplik gefundeer. Aktiwiteite is noodsaaklik vir organiese lewe en as die organisme onaktief is, verkeer dit in 'n onnatuurlike toestand. Aktiwiteit stimmuleer normale liggaamsfunksies en die mens se deelname aan sport weerspieël 'n basiese behoefte aan liggaamlike aktiwiteit.

Die bydrae van sport tot fisieke fiksheid moet, kragtens ons kennis van toegepaste fisiologie, gesoek word in die stimmulering van die groeiproses, die bevordering van die bloedsirkulasie, 'n toename in respiratoriese aktiwiteit, stimmulering van die uitskeidingstelsels, versterking van die hart, beter spysvertering, algemene strukturele versterking en doeltreffender spiersenuweebeheer. As gevolg van hierdie feite, het daar in resente tye dan ook 'n besef posgevat vir die waarde van 'n fisiek aktiewe leefwyse.


Fisieke fiksheid kan vandag met reg as 'n beskawingsprobleem beskou word. Die moderne mens is 'n produk van 'n proses van fisieke agteruitgang. Die gebrek aan fiksheid van alle lande in die Weste beklemtoon die onmisbaarheid van kragtige liggaamlike aktiwiteit.

Sport bied aan die mens, met sy slaafse onderworpenheid aan passiewe vermaak, die unieke geleentheid tot liggaamlike vitaliteit en vir die opvoedkundige is dit van betekenis om te weet dat sport 'n teenwig vir fisieke verarming en senuwee-oorbelasting is.

Mnr. Hein Raath



*Uh-h-h!*




*Iphigenia*

## Foto's te bestel

Afdrukke van alle foto's wat in die "Stroom-Op" verskyn is verkrygbaar. Indien jy belangstel, lewer jou bestelling(s) in by een van die redaksies.

Redaksie



# Tennis 1979

**Alhoewel die Pretoriase skole tennisliga nog nie begin het nie, is die tennis, onder die bekwame leiding van mnre. Bezuidenhout en Weideman reeds volstoom aan die gang.**

Hierdie jaar is die interne skool kampioenskappe reeds vroeg in die jaar afgehandel om sodoende die ranglyste in orde te kry. Die bo-15 enkelspel is gewen deur Jakobus Jordaan terwyl Tian Viljoen en Danie Visser die dubbelspel titel verower het. In die onder 15 afdeling het S. de Necker die botoon gevoer in die A-afdeling en J de Klerck is die B-afdeling.

Gedurende die jaarlikse kragmeting teen Grey Kollege het die tennisspelers, soos die afgelope ses jaar, Affies se naam hoog gehou. Daar het drie spanne bestaande uit vier lede elk gespeel en Affies het as volg gevaar:


Affiese
0/18 5
0/16 3
0/14 6

Grey Kollge
0/18 1
0/17 3
0/14 0

Ons sê baie geluk aan al hierdie spelers.

Ons wens al ons tennisspelers sterkte toe met die jaar wat voorlê en ons vertrou dat julle weer die Administrateursbeker vir ons sal huis toe bring.

D. Reyneke



# Rugby

**"Wanneer daar van die Afrikaanse Hoër Seunskool van Pretoria gepraat word, word rugby ook in dieselfde asem genoem". Met hierdie woorde het die Eerstespan - afrigter, mnr. J.J.J. van Rensburg, die rugbyseisoen by die skool amptelik geopen.**

Daar is dan ook afgeskop met baie vertroue en moed vir die komende seisoen. Altesaam 23 spanne het vir die liga ingeskryf. Ons Tweede Rugbyspan is in die C-area ingeskryf en dit is dan glad nie onmoontlik om twee Afrikaans Hoër-rugbyspanne in die Administrateursbekers-eindstryd te hê nie. Die twee onder dertien rugbyspanne wat hierdie jaar ingeskryf is, gee 'n mens moed vir die toekoms en die bywoningsyfer van al die matrieks by die oefeninge is 'n riem onder die hart - 'n mens kan dan ook nie anders as om die gesogte Administrateursbeker in die verte te sien nie. Dit is dan ook elke Affie-speler en nie-speler se erns om die beker vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen.

Saterdag, 17 Maart, is die jaarlikse wedstryde op Pietersburg teen Hoërskool Tom Naudé gespeel. Hoewel ons hartlik ontvang is, het ons gou agter gekom dat hulle vasbeslote was om verlede jaar se neerlae te wreek.

| | AHS | Tom Naude |
|---|---|---|
| O: 14 A | 4 | 11 |
| B | 16 | 0 |
| C | 34 | 0 |
| O: A | 10 | 8 |
| 10 | 0 | |
| C | 4 | 6 |
| 5' de | 26 | 0 |
| 4' de span | 6 | 4 |
| 3' de span | 10 | 16 |
| 2' de span | 13 | 20 |
| 1' ste span | 3 | 6 |

Daar is weer eens besef dat die spelers nog baie "geskaaf" sou moet word voordat ons die liga in die Tweede Termyn kan begin.

Stroom-op wens alle spelers en afrigters voorspoed toe met die komende seisoen. Ons wil beslis die Administrateursbeker aan die einde van die seisoen weer in ons midde hê - ons kan dit doen!

C. Kruger st 10



*Kleintjie doen sy ding.*

# ATLETIEK

## Suksesvolle Atletiek

**Ons kyk vanjaar terug op 'n baie suksesvolle atletiekseisoen. Die Affies het vanjaar weer eens getoon dat hulle talent volop is en verskeie skitterende vertonings is gelewer.**

Saterdag 27 Februarie - Interhuis! Hierdie uiters aangename en opwindende byeenkoms word weer eens deur die koshuis gewen. Die koshuis toon aan ons dat die enigste manier om bo uit te kom organisering, oefening en goeie gees verg. Die koshuis word gevolg deur die Hartebeeste, die Koedoes en vierdie die Elande. Daar was alreeds rede tot optimisme vir die verdere byeenkomste aangesien 20 byeenkomsrekords gespat het. Paul Kruger is sr Victor Ludorum en Deon du Preez is jr V.d. van 1979.

Op Saterdag 3 Februarie reis Tom Naudé na Pretoria om die Affies in die tradisionele byeenkoms aan te pak. Hulle kom gou agter dat Affies nie sonder handskoene aangepak kan word nie en loop hulle rieme deeglik vas. Affies behaal 654 teenoor die 371 van Tom Naude.

Op Saterdag 3 Februarie vertrek ons atletiekspan om 3-uur die oggend na Potchefstroom om daar teen H.T.S Potchefstroom; Helpmekaar en Boys High deel te neem. Alhoewel ons manne uitgeput was na die lang reis, vaar ons nogtans goed en behaal 'n tweede plek na Potchefstroom.

Op Saterdag 17 Februarie sit Affies af na "Teichler's turf" - dis nou C.R. Swart. Warmbad en Hoërskool Sasolburg neem ook deel, maar dit skrik die Affies nie af nie. Terwyl Affies se atlete die ander ore aansit, ootref ons horde toeskouers se gesing selfs die seunsgroottotaal met 448 teenoor Sasol se 273; C.R. Swart se 273 en Warmbad se 162. Ons klop ook Warmbad se seuns en meisiesgroot-totaal.

Affies behaal 13 eerste plekke en breek 10 uit die 15 rekords.

Op Woensdag 28 Februarie breek die hoogtepunt van die atletiekseisoen aan nl. Interhoër. Die Affies vaar baie goed en ons behaal 'n tweede plek in die seunsafdeling. Ons deel ook die aflosbeker met Oos-Moot. Die uitslae in die verskillende afdelings lyk soos volg; In die middelafstande behaal ons 18,5% van die moontlike punte. In die hekkies 'n skitterende 65%. Die hoog- spring 32%. Die gewigstoot 46%, die spiesgooi 29%, die skyfwerp 49%, die driespring, 'n skitterende 70% en verspring 63%. Die naellope lewer 53% en die aflosse 73% van die moontlike punte. Ons behaal 12-1ste plekke; 20-2de plekke; 26-3de plekke; 14-4de plekke en 13-5de plekke.

Ook op die Noord-Transvaalse kampioenskappe het Affies puik presteer en 13 medaljes verower. Die 0/15 aflosspan van A.H.S. het uitsonderlike goed presteer deur 'n nuwe Noord-Transvaalse rekord daar te stel van 45,3 sekondes. Die medaljes is as volg verower: Goud: B. Swart (verspring 0/17), D. Cornelius (verspring 0/19). Silwer: D. du Preez, O. Cornelius, P. Kruger, du Munnik, S. Gouws. Brons: A. Horn.


Die hele 0/15 Aflosspan het ook goue medaljes verower: D. du Preez, J. Fourie, M. Hoekstra en K. Marais.


Aan al die atlete - baie geluk en dankie vir goeie prestasies en die mooi sportmansgees wat openbaar is. Ons wil ook al ons afrigters bedank vir al die ure wat hulle aan die atlete afgestaan het. Met 'n bietjie harder werk in die toekoms het Affies die potensiaal om in die topatletiekskool in die land te ontwikkel. Ons sien uit na volgende jaar.

R. Pretorius (Kaptein)



FOTO: Eugene Schiltz


Muis maar man


Geesbeker


Interjolletjies

## Interhoër - 'n Affiedag

**Die dag van die Affie-gees - dit is miskien hoe Interhoër - 1979 in die toekoms sal bekendstaan. Nie net by die ± 1200 Affies nie, maar ook veral by die ander mededingende skole daar én by die toeskouers.**

Menige keer het 'n versoek gekom of Affies nie asb. dié of dié liedjie sal sing nie en menig was die bewonderende opmerkings van die erg-beïndrukte kommentator (wat terloops 'n Menlopark-onderwyser was). Dit was 'n wit hoedjie-dag, 'n dag van olifantwalse en "donderasie" (en vredemaak?), 'n hoofletter dag, veral vir die groep matrieks vir wie dit hul laaste Interhoër was.


Reeds vroeg, na 'n 09h00-middagete op die trein (!), het AHM - heel gepas - hul plekke voor die persbank ingeneem. 'n Rukkie later het AHS opgedaag en een skool verder gesit. Na 'n baie amusante, maar redelik onsuksesvolle poging om saam te sing oor CR Swart se koppe heen, het die seuns langs die meisies ingeskuif.


Ons dirigente het heel eerste opgedaag, die heel mooiste gelyk en hul skitterend van hul taak gekwyt. Aan die meisiesdirigente - baie geluk, dit was met julle inspirasie dat Meisieshoër die geesbeker gewen het.

Die seunsatlete was skitterend, die meisies het minder goed gevaar, maar daarvoor het die toeskouers opgemaak. Die dag het aan Affies behoort. Dit is hulle wat opgestaan het om Eraneé van Zyl van Menlopark staande toe te juig nadat sy 'n S.A.-rekord gehardloop het, dis die Affie-ouens wat met 'n seunstotaal tweede in die seunsgroottotaal geëindig het, dis die Affies wat die skare se oë op hulle gehou het met die oorgawe waarmee hulle alles gedoen het, dis die Affie-meisies wat die malste gegaan het oor hul span se een punt na 'n uur se items!

Dit het sekerlik nog nie gebeur in die Interhoër-geskiedenis dat die span wat laaste kom die geesbeker so oortuigend wen nie. En, sonder om die wesenlike spasie vir verbetering in die AHM-atletiek buite rekening te laat, is dít nie miskien een van die belangrikste bekers van almal nie?

S. van Blerk




Evans raak moeg

## Atletiek 'n Fees

**Woensdag, 28 Februarie, was weer eens 'n dag waarna die grootste st. 10 en die kleinste st. 6 hart en siel uitgesien het en dit wás 'n fees! Van vroeg af het Loftusstasie gewemel van die blou rokke en wit hoedjies. Die trein het half agt gekom en gelukkig was die ou toe slim genoeg om self te stap en was dit nie vir ons nodig om hom te help nie. Nog gelukkiger het hy toe deure en was dit vir niemand nodig om by die venster in te klim nie, veral nie nadat almal hulle ontbyt, middagete en sommer laatnamiddagversnapperinge reeds verorber het nie.**

Die blou massa het soos 'n crescendo vanaf Schuttestasie na Pilditch aangeblaas en al singende het ons ons plek ingeneem. Van meet af aan het die Affies die gees gevang en gehou, veral toe ons eers 1 punt het! Wat 'n dawerende toejuiging toe óns dirigente eerste opdaag nie - en niemand kan stry dat hulle die allermooiste gelyk het nie!


Die hele dag was net vol sing en skree en duimvashou - 'n blywende herinnering vir elke matriek en onvergeetlike belewens vir die st. 6'e. Ons atlete, sowel dié van ander mededingende skole, het almal hul beste gedoen en puik prestasies behaal. Behalwe die 4 Noord-Transvaalse rekords, is 'n Suid-Afrikaanse rekord asemrowend verbeter. Teen die einde van die dag is die trofeë deur mev. J.M. Teichler oorhandig en traditioneel is die geesbeker Affieland toe gebring.

As die trein op toejuiging en aanmoediging kon reageer soos die atlete, sou hy ook seker die wêreldrekord in die 1000 . . . wat-ook-al geslaan het vanaf Schuttestasie terug na Pilditch.

Mathilda van Jaarsveld (10D)

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**Is daar dalk 'n aspirant miljoenêr hier in ons midde? Met inagneming van die fenomenale bedrae wat Borg, Conners en ander professionele tennissterre deesdae verdien, asook die skitterende vooruitgang wat in ons "eie" Jakobus Jordaan se tennis te bespeur is, is so 'n verwikkeling glad nie onmoontlik nie . . .!**



*Jakes in aksie*

Jakobus Jordaan is 'n "Vaalpens" in murg en been - op 20 Julie 1961 sien hierdie staatmaker van Affies sy eerste lewenslig in Pretoria. Alhoewel hy sy laerskool-loopbaan te Klerksdorp, waar sy pa 'n vooraanstaande dokter is, voltooi, is die roepstem van die Jakkarandastad te sterk en word hy in 1975 'n "Affie-koshuisstingel". Reeds op nege-jarige ouderdom is die kannetjie in staat om tussen 'n voorhand- en 'n rughandhou te onderskei ('n noemenswaardige prestasie) en hardloop hy agter al wat tennisbal is aan. Op twaalfjarige ouderdom begin hy sy stem dik maak - hy word eers in die finale rondte van die Noord-Transvaalse kampioenskappe gestuit. Twee jaar later word dié blonde krulkopkannetjie 'n bedreiging vir die "ouer en meer ervare tennis-kenners" deur vir die Wes-Transvaalse 0/18-span gekies te word.

Op laerskool het hy ook aan atletiek deelgeneem en rugby gespeel, maar op hoërskool was dit net tennis voor en agter. Hy het na Affies (dié tennis-skool van die land) gekom op soek na beter kompetisie (wat hy ook gevind het)! Jakobus laat geld hom egter ook op ander gebiede - in standerd 6 en 7 verwerf hy akademiese erekleure. Hy is ook 'n gewilde skoolprefek. Die koshuislewe het egter bietjie straf geword en daarom het hy intussen sy toevlug geneem tot 'n hotel (die "werklike" rede is volgens hom, verlengde tennis-oefentyd).

Jakobus glo in spesialisasie en oefen gemiddeld 2 ½ ure per dag. Sy harde werk en volgehoue entoesiasme het voorwaar vrugte afgewerp. Hier by Affies was hy, nadat hy die 0/16-enkelspeltitel in die Suid-Transvaalse Junior Kampioenskappe gebuit het, ook die opvolg-wenner van die Noord-Transvaalse Ope Junior-Kampioenskappe. Om die kroon te span na hierdie suksesvolle jaar, bereik hy die halfeindrondtes in die Suid-Afrikaanse enkel- en dubbelspelkampioenskappe (saam met nog 'n Affie, Henk Basson).

Nadat hy skitterende spel vir die Noord-Transvaalse seniorspan gelewer het in 'n superliga in Suid-Transvaal, word hy na die Phillips Challenge - toernooi uitgenooi en ontpop sodoende as een van Affies se eerste televisie - sterre. Hy verloor ongelukkig teen die meer ervare R. van't Hoff (wie weet, was dit nie vir die televisie-oog nie . . .?)

Hierdie vertonings gee Jakobus genoeg selfvertroue om die grotes oorsee te gaan aandurf. In Julie 1978 word hy na die V.S.A. uitgenooi, waar hy briljante spel lewer op die Amerikaanse kleibane. Hy wen twee Amerikaanse Junior Davisbekerspelers en eindig onder die eerste sestien spelers. In die St. Petersburg International-rondomtalie-toernooi eindig hy vierde en in die St. Louis International word hy in die halfeindstryd van die dubbelspel uitgeskakel. Jakobus het baie geleer op dié toer, maar voel tog dat daar in Suid-Afrika net soveel tennis-potensiaal onder die juniors is - die V.S.A. het miskien net meer diepte. Volgens hom sukkel die Suid-Afrikaners ook heelwat op die kleibane.

In Desember 1978 breek die ongetwyfelde hoogtepunt van Jakobus se tennisloopbaan aan. As lid van 'n Suid-Afrikaanse junior span lewer hy onverbeterlike vertonings in die V.S.A. In die beroemde Orange Bowl - toernooi (junior wêreldkampioenskappe) word hy ongelukkig in die derde rondte deur die eerste gekeurde Cassio Mottee van Brasilië uitgeskakel. In die Pembroke Lakes - toernooi lewer hy weer eens skitterspel, maar verloor in die kwart-eindrondte teen Schalk van der Merwe en word in die halfeindstryd om die dubbelspeltitel uitgeskakel.

Op die Suid-Afrikaanse senior ranglys beklee Jakobus tans 'n 34ste posisie - voorwaar 'n uitsonderlike prestasie!

Intussen was Jakobus die afgelope twee jaar 'n onvervangbare steunpilaar vir ons skool - menige van ons opponente kan daarvan getuig! Jakobus erken dat die gehalte van sy spel deesdae by die dag verbeter, veral danksy die hulp van André Zietsman. Volgens Jakobus staan Affies vanjaar weer 'n goeie kans om die Administrateursbeker te verower en is hy vasberade om Linden se "huursoldate" van die baan te speel.

Op die oomblik is Jakobus se toekomsplanne nog ietwat duister - hy oorweeg dit om in 'n B-Comm.-rigting te gaan studeer, maar mens kan sien sy kop staan in die rigting van wêreldtennis. Sy ideaal op die oomblik bly egter om Matriek te slaag.

Gesien in die lig van die prestasies van oud-Affies soos Johan Kriek, kan niemand Jakobus verkwalik as hy besluit om professionele tennis te speel nie. VOORSPOED!

**Willem Kemp.**

## *Sportvrou van die termyn*

*Morné du Plessis presteer al van jongs af.*

Op die Laerskool Anton van Wouw was sy altyd die nr. 1 of 2 atleet. Op hoërskool neem sy deel aan atletiek en hokkie, waarin sy 1ste span speel.

Morné hou die S.A.-rekord vir verspring 0/16 en ewenaar daarmee ook die 0/18-rekord.

Hierdie seisoen blink sy weer eens uit in atletiek. Sy spring gereeld 6m in die verspring. Op Interhoër hardloop sy 11.9 sekondes in die 100m. Sy neem deel aan die N.Tvl-kampieonskappe en Eon de Jongh-byeenkoms.

Morné is die nr. 2 vroue-verspringster in S.A. na Maryna van Niekerk.


# WATERPOLO

**'n Uitsonderlike prestasie is behaal deurdat een van Affies se waterpolospelers die SA-Skolespan gehaal het. Ons wens graag vir Toffie Botha geluk met dié onderskeiding.**

Vyf van die nege lede van die Noord-Transvaalse 0/19-span bestaan uit Affies en oud-Affies, naamlik T. Botha, P. Els, X Swart, A. Potgieter en J. du Preez. Hierdie span wen dan ook die S.A. 0/19 waterpolo liga. Bogenoemde spelers is ook ingesluit in die Skolespan wat Desember in Johannesburg deelgeneem het. J. van der Hoven haal ook die B-span.

Affie se 1ste span begin die seisoen goed deur Menlopark se span met 6-4 te troef. In 'n vriendskaplike wedstryd teen Boys High verloor Affies 2-1. Ons maak korte mette met Clapham High deur hulle 10-1 te troef en weer eens behaal ons die oorwinning oor Menlopark met 'n puntetoestand van 4-3. In die finaal van die liga blaas ons die aftog teen Boys High met 6-3.

J. du Preez (kaptein)



*Vat so!*

# SWEM


**Affies** het vanjaar weer eens sy plek in die swembad volgestaan. In die B-liga het ons B-span goed weggespring deur in beide galas die tweede plek na Glen High in te neem. Die A-span het na harde oefening sy staal getoon op Interhoër deur gesmanetlik derde te eindig. Boys High het met die louere weggestap met Menlopark kort op hul hakke.

Swemmers soos P. Smith en D. Scheepers wat albei goeie eerste plekke op Interhoër behaal het, bewys dat Affies weer tot 'n groot swemkrag in die Noorde kan ontwikkel. Al wat ontbreek, is fiksheid - die prestasies van ons aflosspanne bewys dat ons genoeg spoed het!

Party van ons swemmers is inderdaad ook na 'n prestige gala uitgenooi, naamlik B. le Roux, P. Smith, D. Scheepers, P. van Niekerk, S. Joubert, J.F. van Staden en E. Bruwere.

Alhoewel daar vanjaar nie 'n Interhuis-byeenkoms was nie, glo ons dat dié gewilde kompetisie volgende jaar weer sy regmatige plek sal inneem. Aan al die swemmers: Geluk en sterkte vir die volgende seisoen!

J. du Preez



*Amelia - Junior Victrix Ludorum*

# TRIMPARK

**Ons almal** ken Mev. de Vos se ywer en geesdrif waarmee sy 'n taak aanpak. Sy is nou besig om vir ons 'n eie Trimpark te beplan. Die argiteksplanne is reeds opgestel en die baan sal buite om die skoolgeboue wees. Mev. de Vos beplan dat die baan reeds voor die Aprilvakansie geopen sal word. Ons sê baie dankie aan Mev. de Vos vir haar briljante idee en vir al die pa's wat nog gaan help met die bouery. Die Affies sal nou hul deel ten volle kan bydra tot die Gesondheidsjaar deur fiks en viets te word!

Heleen Viljoen



*Morné in aksie*

# PRESTASIES

**Morné du Plessis hardloop die 100m op Interhoër in 11.9 sekondes. In verspring haal sy gereedl 6m. Op die N.Tvl. Kampioenskappe wen sy 'n goue medalje in verspring en silwer medalje in die 100m.**

Lilian Hanekom verbeter haar tye baie goed en hardloop die 800m in 2.19 en die 1500m in 4,40 minute.

Susanne Spaarwater wat nog maar 12 is, wen op verassende wyse die hoogspring op Interhoër.

Jo O'Reilly, atletiekkapteine, behaal mooi afstande in spiesgooi en boer in die omgewing van 40m.


Heidi Wilkens wen die hoogspring op Interhoër.

Leonie Retief wen 'n silwermedalje op die N.Tvl. Kampioenskappe in die 400m.

Liesbeth Meiring word aangewys as die beste aktrise in die Tweede Taal-afdeling van die Pretoria Schools' Drama Festival.

Marike Fourie neem deel aan die N.Tvl-swemkampioenskappe en word ingesluit in die N.Tvl-span.

Hanlie Gerber neem deel aan die N.Tvl-swemkampioenskappe.



*Lilian presteer*